



**NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE RAADSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 19 AUGUSTUS 2026 OM 10:00**

---

**TEENWOORDIG:**

Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (voorsitter)  
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl J M de Beer

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl D G Bess  
Rdl N Smit  
Rdh T van Essen  
Rdl A K Warnick

Ander raadslede:

Die Speaker, rdh M A Rangasamy

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz  
Direkteur: Finansiële dienste, mnr M Bolton  
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann  
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller  
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr H Witbooi  
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger  
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche  
Bestuurder: Sekreatariaat en Rekordsdienste, me N Brand

**1. OPENING**

Die voorsitter verwelkom lede en versoek rdl J M de Beer om die vergadering met gebed te open.

**2. VERLOF TOT AFWESIGHEID**

Geen verskonings is ontvang nie.

**3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE**

Geen.

**4. NOTULES**

**4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 15 JULIE 2026**

**BESLUIT**

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die notule van 'n gewone vergadering van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gehou op 15 Julie 2026 goedgekeur en deur die Uitvoerende Burgemeester onderteken word.

**5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS UIT DIE NOTULES**

5.1/...

## **5.1 NOTULE VAN PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERINGS GEHOU OP 12 AUGUSTUS 2026**

### **5.1.1 MUNISIPALE BESTUUR, ADMINISTRASIE EN FINANSIES (7/1/2/2-1)**

#### **BESLUIT**

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

### **5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE (7/1/2/2-4)**

#### **BESLUIT**

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

### **5.1.3 ONTWIKKELINGSDIENSTE (7/1/2/2-5)**

#### **BESLUIT**

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

### **5.1.4 BESKERMINGSDIENSTE (7/1/2/2-3)**

#### **BESLUIT**

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

## **6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES**

Geen.

## **7. NUWE SAKE**

### **7.1 GOEDKEURING VAN DIE GOP-/BEGROTINGTYDSKEDULE (2/1/4/4/1)**

Die burgemeester moet ingevolge Artikel 21(1)(b) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA) ten minste tien maande voor die begin van die begrotingsjaar 'n tydskedule aan die Raad voorlê met sleutel sperdatums insake die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) en begrotingsproses.

#### **BESLUIT** (vir voorlegging aan die Raad op 25 Augustus 2026)

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdd J M de Beer)

Dat die aangehegte GOP/Begrotingstydskedule vir goedkeuring by die Raad aanbeveel word, onderhewig aan die regstelling dat die inhuldigingsvergadering vir die week van 16 November 2026 of 23 November 2026 geskeduleer word.

### **7.2 AANVAARDING VAN DIE VERANDERING AAN DIE REKENINGKUNDIGE BELEIDE VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2026**

Die Direkteur: Finansiële Dienste behandel die verslag en verduidelik, op navraag van die voorsitter, dat wysigings aan rekeningkundige beleide deur die ASB (*Accounting Standards Board*) jaarliks gedurende April gedoen word vir implementering terugwerkend vanaf 1 Julie 2025. Met ander woorde, van toepassing op die 2025/2026 finansiële state wat nou in proses is om opgestel te word.

7.2/...

Die Direkteur: Finansiële Dienste noem verder dat die finansiële state die rekeningkundige teboekstelling van die begroting is en waar die begroting aan die mSCOA-standaarde moet voldoen, moet die finansiële state aan die rekeningkundige standaard voldoen. Onder andere, word die wysiging aan die GRAP 104-standaard wat die teboekstelling van afskrywing van debiteure en boetes reël, volledig in die verslag toegelig en verder verduidelik deur die Direkteur: Finansiële Dienste.

#### **BESLUIT**

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl N Smit)

Dat die voorgestelde Rekeningkundige Beleide, soos voorgelê in Aanhangsel B, goedgekeur word vir implementering met ingang van 1 Julie 2025.

#### **7.3 VERSLAGDOENING IN TERME VAN ARTIKEL 15(3) VAN DIE WET OP MUNISIPALE EIENDOMSBELASTING INSAKE BELASTINGVRYSTELLING, -AFSLAG, -KORTINGS EN "REVENUE FORGONE" VIR DIE 2025/2026 FINANSIËLE JAAR (5/3/1/3)**

Die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Eiendomsbelastingwet, Wet 6 van 2004 bepaal ingevolge Artikel 15(3) dat die Munisipale Bestuurder jaarliks verslag aan die Raad moet doen rakende alle belasting-vrystellings, -afslag en -kortings wat in die vorige finansiële jaar toegestaan is.

Die verslag vir die periode 1 Julie 2025 tot 30 Junie 2026 is met die sakelys gesirkuleer en word deur die Direkteur: Finansiële Dienste toegelig.

#### **BESLUIT**

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdh T van Essen)

Dat kennis geneem word van die vrystellings van munisipale eiendomsbelasting aan openbare weldaadsorganisasies/nie-regeringsorganisasies, afslag, kortings toegestaan en inkomste afgestaan (*revenue forgone*) soos gestaaf in die verslag vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2025.

#### **7.4 ADMINISTRATIEWE BERECHTING VAN PADVERKEERSOORTREDINGS (AARTO): MAGTIGING OM INTERREGERINGSDISPUUT INGEVOLGE DIE RAAMWERK VIR INTERREGERINGSVERHOUDINGE, WET 13 VAN 2005 TE VERKLAAR (17/6/B)**

Die Raad het in Oktober 2025 die gereedheid van die Munisipaliteit om AARTO te implementeer oorweeg en wesenlike bekommernisse en tekortkominge in die prosesse geïdentifiseer. Daar is derhalwe besluit om uitstel vir die implementering van AARTO te versoek en om, sou Stad Kaapstad die roete volg om 'n interdik teen die implementering van AARTO te bekom, die Munisipaliteit hierdie aksie sal ondersteun.

Die Stad Kaapstad het sedert 2025 verskeie samesprekings met die Minister van Vervoer, die Nasionale Departement van Vervoer en die Padverkeersbestuurskorporasie (RTMC) gehad aangaande die uitstaande kwessies om AARTO suksesvol te implementeer. Tot op hede is die uitstaande kwessies nie aangespreek nie en het Stad Kaapstad 'n interregingsdispuut verklaar.

#### **BESLUIT (vir voorlegging aan die Raad op 25 Augustus 2026)**

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdd J M de Beer)

- (a) Dat die Raad kennis neem van die vorige besluite en korrespondensie van Swartland Munisipaliteit rakende die implementering van die Wet op Administratiewe Beregting van Padverkeersoortredings 46 van 1998 en die Wysigingswet op Administratiewe Beregting van Padverkeersoortredings 4 van 2019;
- (b) Dat die Raad kennis neem van die formele interregeringsdispuut wat op 30 April 2026 deur die Stad Kaapstad verklaar is ingevolge Hoofstuk 4 van die Wet op die Raamwerk vir Interregeringsverhoudinge 13 van 2005, asook van die wesenlike oorfleueling tussen die kwessies wat die onderwerp van daardie dispuut vorm met die bekommernisse wat voorheen deur Swartland Munisipaliteit geopper is;

7.4/...

- (c) Dat die Raad bevestig dat die uitstaande regs-, finansiële, institusionele en operasionele aangeleenthede rakende die implementering van AARTO Swartland Munisipaliteit se vermoë om die stelsel wettig, doeltreffend en op 'n finansiële volhoubare wyse te implementeer, wesenlik raak;
- (d) **Dat die Uitvoerende Burgemeester gemagtig word om, namens Swartland Munisipaliteit, 'n interregeringsdispuut ingevolge artikel 41 en Hoofstuk 4 van die Wet op die Raamwerk vir Interregeringsverhoudinge 13 van 2005 met die betrokke staatsorgane te verklaar, insluitend, waar toepaslik, die President van die Republiek van Suid-Afrika, die Minister van Vervoer, die Nasionale Departement van Vervoer, die Padverkeersoortredingsagentskap en die Padverkeersbestuurskorporasie, rakende die implementering van AARTO en die onopgeloste aangeleenthede wat in hierdie verslag uiteengesit word;**
- (e) Dat die Uitvoerende Burgemeester gemagtig word, met die bystand van die Munisipale Bestuurder en sodanige amptenare en regs- of ander professionele adviseurs as wat vereis mag word, om—
  - (i) die formele kennisgewing wat die interregeringsdispuut verklaar, uit te reik en te onderteken;
  - (ii) Swartland Munisipaliteit te verteenwoordig of verteenwoordigers van Swartland Munisipaliteit te benoem vir die doeleindes van enige vergadering of proses beoog in artikel 42 en Hoofstuk 4 van die IGRFA;
  - (iii) met die betrokke staatsorgane en ander geraakte munisipaliteite in gesprek te tree met die oog daarop om die dispuut sonder litigasie op te los;
  - (iv) tot toepaslike dispuutbeslegtingsmeganismes, insluitend fasilitering of bemiddeling, in te stem, onderhewig daaraan dat enige ooreenkoms wat wesenlike finansiële of beleidsimplikasies vir die Munisipaliteit inhou, na die Raad verwys word waar dit deur wetgewing of die Munisipaliteit se delegasiestelsel vereis word; en
  - (v) alle administratiewe en prosedurele stappe te neem wat redelikerwys nodig is om uitvoering aan hierdie besluit te gee;
- (f) Dat, as deel van die dispuutbeslegtingsproses, Swartland Munisipaliteit oplossings versoek vir, onder andere, die regulatoriese en registrasiebeamptes-kwessies; Regulasie 38; die finansiële en inkomste-implikasies van AARTO; die verpligte afhanklikheid van SAPO; toerusting- en befondsingsverantwoordelikhede; SOP's en opleiding; NaTIS- en stelselgereedheid; en alle verwante bekommernisse insake die MFMA- en ongefinansierde-mandate;
- (g) Dat Swartland Munisipaliteit versoek dat AARTO nie binne sy regsgebied geïmplementeer word voordat die wesenlike wetgewende-, regulatoriese, finansiële en operasionele hindernisse wat die wettige en doeltreffende implementering daarvan raak, bevredigend deur die interregeringsdispuutproses opgelos is en die Munisipaliteit daarna 'n redelike tydperk gegun is om operasionele gereedheid te bereik nie; en
- (h) Dat die Munisipaliteit al sy regte voorbehou, insluitend die reg, onderhewig aan die toepaslike regsvereistes en enige verdere magtiging wat vereis mag word, om 'n bevoegde hof vir toepaslike regshulp te nader indien die interregeringsdispuutproses nie daarin slaag om die aangeleentheid op te los nie of indien omstandighede dringende beskerming van die Munisipaliteit se belange vereis.

## 7.5 KAPASITEITSBOUBELEID VIR RAADSLEDE (4/2/B)

**BESLUIT** (op versoek van die voorsitter) dat die verslag onttrek word.

## 7.6 HERNUWING VAN HUUR: MALMESBURY INFORMELE HANDELAARSVERENIGING (17/12/2021/2)

Die informele handelsplasies geleë te Bokomoweg, Tuin-, Hill, en Jobstraat word sedert 2001 aan die Malmesbury Handelaarsvereniging verhuur. Die huurtermyn verstryk op 31 Augustus 2026.

'n Bespreking volg aangaande die onnetheid van die handelspasies by die ingang van Malmesbury en die swak beeld wat dit uitdra aan lede van die publiek/besoekers. Daar word erkenning gegee dat die gebied daaglik skoongemaak word deur die kontrakteur van die Munisipaliteit, maar moet oorweging daaraan verleen word om netjiese en formele handelspasies te skep (bv. soortgelyk aan Paternoster).

## **BESLUIT**

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdd J M de Beer)

- (a) Dat, ingevolge Regulasie 34 van die *Municipal Asset Transfer Regulations* (MATR), saamgelees met die Munisipale Beleid oor die Oordrag van Bates (2014), goedkeuring verleen word vir die verhuring van handelsruimtes geleë langs Bokomoweg aan die Malmesbury Informele Handelaarsvereniging, onderhewig aan die standaard huurvoorwaardes en die volgende verdere voorwaardes:
  - (i) Dat die huurtermyn vir 'n tydperk van drie jaar vanaf 01 September 2026 tot 31 Augustus 2029 sal duur;
  - (ii) Dat 'n maandelikse huurbedrag van R1090,00 per maand, BTW uitgesluit betaalbaar sal wees;
  - (iii) Dat die huidige huurvoorwaardes onveranderd bly; en
  - (iv) Dat daar aan alle administratiewe, tegniese en regsvereistes voldoen word;
- (b) Dat, met inagneming van die Munisipaliteit se strategiese doelwit om ekonomiese transformasie te bevorder, die huurkontrak met die Malmesbury Handelaarsvereniging hernu word ten einde te verseker dat die handelsruimtes wat deur entrepreneurs benut word, op 'n beheerde, ordelike en georganiseerde wyse bestuur word.

## **7.7 VOORGESTELDE VERHURING VAN SKEEPSVRAGHOUSERS, GELEë RESTANT ERF 551, DARLING (DE VLEI AMFITEATER ENTREPRENEURSHUB) (17/2/2)**

Daar is in 2024 as deel van 'n RSEP-projek 'n entrepreneurshub bestaande uit vier skeepsvragehuers by die De Vlei Amfiteater, Darling geskep.

Met die verstryking van die huurooreenkomste het twee skeepsvragehuers aanvanklik vakant geraak, maar het die ander twee huurders later aangedui dat hulle nie die huurooreenkomste gaan verleng nie.

Entrepreneurs is by wyse van 'n advertensie uitgenooi om voorstelle in te dien vir die benutting van die aanvanklike twee vakante skeepsvragehuers en daar is drie aansoeke ontvang wat aan al die vereistes voldoen.

Die Munisipale Bestuurder noem, met verwysing na die uitstaande bedrae op die vorige huurders se munisipale rekening, dat die administrasie die samestelling van die rekening sal oorweeg, aangesien daar ongelukkigheid bestaan oor die heffing van die vullisverwyderingstarief.

## **BESLUIT**

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat kennis geneem word dat die verhurings met betrekking tot Sunell's Beauty Box en Rebecca's Fashions, wat op 31 Julie 2026 verstryk het, nie hernu gaan word nie en dat alle uitstaande bedrae soos op hul munisipale rekeninge weerspieël, deur die onderskeie huurders vereffen moet word;
- (b) Dat, ingevolge Regulasie 34 van die Munisipale Bate-oordragregulasies (MATR), saamgelees met die Munisipale Bate-oordragbeleid (2014), goedkeuring verleen word vir die verhuring van die drie skeepsvragehuers geleë op 'n gedeelte van die Restant van Erf 551, Darling (Entrepreneurskap Besigheidshub by De Vlei Amfiteater), aan die volgende entrepreneurs met hul onderskeie besighede, onderhewig aan die standaard huurvoorwaardes en die volgende addisionele voorwaardes:

Tabel/...

7.7(b)/...

| Nr. | Naam van Besigheid                                                                                    | Applikant Naam en Van | Tipe Besigheid (Produk/ Diens)                                                   |
|-----|-------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----------------------|----------------------------------------------------------------------------------|
| 1   | MD Business (Pty) Ltd t/a Melrick's WiFi & MD Business Print Centre (Registration nr. 2025/524792/07) | Melrick Daniels       | "Wireless Internet connectivity", printing services and internet café facilities |
| 2   | Lingelihle Project Solutions (Pty) Ltd (Registration nr. 2026/425421/07)                              | Sophie Mkwambi        | Wegneemetes, Spyseniering / Soet happies vir geleenthede / funksies              |
| 3   | James Barbershop (Registration nr. 2025/544449)                                                       | James McKay           | Haarkapper                                                                       |

- (i) Dat huurkontrakte vir 'n tydperk van twee (2) jaar sal duur vanaf 01 September 2026 tot 31 Augustus 2028;
- (ii) Dat 'n maandelikse huurbedrag van R100,00 (BTW uitgesluit) betaalbaar sal wees, asook die kostes van diensteverbruik;
- (iii) Dat geen deposito's / aansluitingsfooie betaalbaar sal wees deur die huurders nie;
- (c) Dat die versoek vir voorstelle in die pers geadverteer word, waarin alle belangstellende entrepreneurs die geleentheid gebied word om aansoeke in te dien vir besigheidsdoeleindes ten opsigte van die oorblywende (vierde) vakante skeepsvrachouer;
- (d) Dat die voorstelle in samewerking met die munisipale Gemeenskapsontwikkelingsdepartement geëvalueer word, waarna 'n verslag rakende die allokasie van die voorgestelde verhuring vir finale goedkeuring aan die burgemeesterskomitee voorgelê sal word vir oorweging;
- (e) Dat, in ag genome die Munisipaliteit se strategiese doelwit om ekonomiese transformasie te bevorder, die skeepsvrachouers aan suksesvolle aansoekers verhuur word vir die doel om besighede te bedryf;

#### BESLUIT VERDER

- (f) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste die heffing van die vullisverwyderingstarief heroorweeg, in oorleg met die Munisipale Bestuurder, gegewe die feit dat daar vullisdromme in die omgewing beskikbaar is vir die wegdoening van vullis.

#### 7.8 VERHURING: RIEBEEK VALLEI MUSEUM (12/2/3/1-8/1)

Die Riebeek Vallei Museum is al vir etlike jare die huurder van die munisipale gebou geleë op Erf 369, Riebeek Kasteel en is daar 'n versoek ontvang om die gebou vir 'n verdere drie jaar te huur.

'n Verdere versoek is vanaf die Riebeek Vallei Museum ontvang om die saal aan 'n derdeparty te onderverhuur in 'n poging om inkomste te genereer vir die onderhou en bedryf van die museum. Dit word voorgestel dat die derdeparty 'n restaurant/vermaaklikheidsplek sal skep wat sal bydra tot die investering in die gebou, terwyl die erfenis van die gebou behoue sal bly.

#### BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl N Smit)

- (a) Dat, in terme van Regulasie 34 van Munisipale Bate Oordrag Regulasie, saamgelees word met die Munisipale Bate Oordrag Beleid (2014), goedkeuring verleen word vir die verhuring van munisipale eiendom, Erf 369 Riebeek Kasteel, geleë op die hoek van Hoof- en Kerkstraat, ongeveer 2100m<sup>2</sup> groot, aan die Riebeek Valley Museum, onderworpe aan die standaard huurvoorwaardes asook die volgende verdere voorwaardes:
  - (i) Dat die huurtermyn vir 'n tydperk van drie jaar vanaf 01 September 2026 tot 31 Augustus 2029 sal duur;
  - (ii)/...

7.8(a)/...

- (ii) Dat die huurder toegelaat word om aan 'n derde party onder te verhuur, onderworpe daaraan dat vooraf skriftelike toestemming van die Munisipaliteit verkry word, alvorens enige ooreenkoms tussen die huurder en derde party gesluit word;
  - (iii) Dat vooraf skriftelike toestemming van sowel die Munisipaliteit en Erfenis Wes-Kaap verkry word, alvorens enige verbeterings intern en/of ekstern aan die gebou onderneem word;
  - (iv) Dat huurgeld ten bedrae van R120.00 per jaar, BTW uitgesluit ten opsigte van jaar 1 verhaal word, onderhewig aan eskalasie bereken op die Verbruikersprysindeks (VPI) vanaf jaar 2;
  - (v) Dat die huurder vir diensteverbruik op die perseel verantwoordelik sal wees;
  - (vi) Dat die eiendom slegs aangewend word as 'n museum en aktiwiteite wat daarmee gepaardgaan en vir geen ander doel nie; en
  - (vii) Dat daar aan alle administratiewe, tegniese en regsvereistes voldoen word;
- (b) Dat, ingevolge paragraaf 12.2.1.4 van die Beleid oor die Oordrag van Bates, die huur van die eiendom by wyse van direkte onderhandeling toegestaan word, gegewe die erfeniswaarde van die eiendom en die voordeel wat dit aan die gemeenskap bied deur die bewaring en uitstalling van die geskiedenis van Riebeeck Kasteel, asook die erfenisbetekenis en gemeenskapswaarde van die gebou self.

#### **7.9 VERSLAG OOR GEMEENSAP-ONTWIKKELINGSPROJEKTE, 2025/2026: UITKOMSTE EN IMPAK (17/2/2)**

Die Departement: Gemeenskapsontwikkeling moet op 'n jaarlikse basis verslag doen insake die uitkomste en impakte van gemeenskap-ontwikkelingsprojekte ingevolge die Swartland Munisipale Sosiale Ontwikkelingsbeleid en -Strategie.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste hou die hoogtepunte uit die verslag voor en bevestig dat daar hard deur amptenare op grondvlak gewerk word om 'n impak te maak.

Rdl A K Warnick versoek dat die Departement: Ontwikkelingsdienste meer betrokke moet wees met die aanbied van gepaste programme op die belangrikste publieke vakansiedae, bv. Jeugdag, Erfenisdag, Vrouedag, ens. om die impakte te verhoog.

#### **BESLUIT**

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

- (a) Dat kennis geneem word van die uitkomste en impak van die gemeenskap ontwikkelingsprojekte wat in die 2025/2026 finansiële jaar plaasgevind het;
- (b) Dat die Gemeenskap Ontwikkelingsdepartement op 'n jaarlikse basis teen Augustus verslag sal doen oor die uitkomste en impakte van gemeenskap ontwikkelingsprojekte wat in die voorafgaande finansiële jaar plaasgevind het.

#### **7.10 UITSTAANDE DEBITEURE: JULIE 2026 (5/7/1/1)**

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelyst gesirkuleer.

#### **BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Julie 2026.

#### **7.11 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)**

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

#### **BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 31 Julie 2026 soos met die sakelyst gesirkuleer.

## **7.12 AFSKRYF EN VERWYDERING VAN BATES UIT DIE BATEREGISTER TER VERSEKERING VAN 'N VOLLEDIGE EN DEURSIGTIGE BATEREGISTER (WERK IN**

Die Batebestuursbeleid bepaal die redes vir die afskryf van bates, wat dan uit die Bataregister verwyder moet word.

Die Direkteur: Finansiële Dienste verduidelik die redes vir die afskryf van die bates, naamlik bates waarvan die beplanning daarvan as 'n kapitaalprojek gesien word, maar nie gerealiseer het nie en die voldoening aan Nasionale Tesourie se vereistes ten opsigte van die sub-stasie projekte by De Hoop en Schoonspruit namens Eskom waar die bates vanaf die kapitaalbegroting na die bedryfsbegroting verskuif moes word.

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste bevestig dat die studies/beplanning ten opsigte van 'n kapitaalprojek met die verloop van tyd en veranderde omstandighede irrelevant raak as die kapitaalprojek nie geïmplementeer word nie.

### **BESLUIT**

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdh T van Essen)

- (a) Dat goedkeuring verleen word vir die verwydering van die bates vanuit die Bataregister soos aangedui op die aangehegte lys (R 2 115 848.18) ten einde die Munisipaliteit se finansiële rekordhouding te volvoer vir die jaar geëindig 30 Junie 2026;
- (b) Dat die Hoof: Finansiële Beampte gemagtig word om daardie items af te skryf wat geïdentifiseer is as beskadigde of verlore bates tydens die jaarlikse ondersoeke na die toestand en oorblywende leeftyd van die bates soos uitgevoer deur die onderskeie direktorate teen 30 Junie 2026 en dat dit dienoreenkomstig aan die Raad gerapporteer word.

## **7.13 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKYRINGPROSEDURES: VOORTSETTING EN AFHANDELING VAN UITSTAANDE REGSDIENSTE-OPDRAGTE WAT INGEVOLGE TENDER T40/22/23 UITGEREIK IS (8/2/12, 8/1/B/2)**

Die Direkteur: Korporatiewe Dienste verduidelik dat die afwyking is ten opsigte van die afhandeling van regsdiensinstruksies wat ingevolge die vorige paneeltender (T40/22/23) uitgereik is, en nog nie afgehandel was met die toekenning van die nuwe paneeltender (T38/25/26) nie.

Die instruksies kan nie onmiddellik gestaak word nie en moet daar 'n proses van infasering wees wat onderworpe is aan streng interne kontroles.

### **BESLUIT**

- (a) Dat kennis geneem word dat die Munisipale Bestuurder op 5 Julie 2026, ingevolge Regulasie 36(1)(a)(v) van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid, 'n afwyking goedgekeur het vir die beheerde voortsetting en finalisering van die uitstaande regswerkopdragte wat ingevolge Tender T40/22/23 op of voor 30 Junie 2026 uitgereik is, om die redes uiteengesit in paragraaf 3 van die verslag;
- (b) Dat kennis geneem word dat die afwyking nie nuwe aangeleenthede, 'n algemene verlenging van Tender T40/22/23, of die omseiling van Tender T38/25/26 vir nuwe opdragte vanaf 1 Julie 2026 magtig nie;
- (c) Dat kennis geneem word van die bekende beraamde uitgawe van R575 000, en dat geen gekwantifiseerde individuele opdrag R300 000 oorskry nie;
- (d) Dat die voortsetting teen die tariewe van Tender T40/22/23 geïmplementeer word, tensy 'n laer tarief skriftelik ooreengekom word, en onderhewig aan begrotingsbeskikbaarheid, die goedgekeurde saakspesifieke ramings, asook die voorwaardes en interne beheermaatreëls soos deur die Munisipale Bestuurder bepaal in die goedkeuring gedateer 5 Julie 2026;

7.13/...

- (e) Dat die Senior Bestuurder verantwoordelik vir Finansiële State opdrag gegee word om, waar van toepassing, die redes vir die afwyking as 'n aantekening by die jaarlikse finansiële state in te sluit.

#### **7.14 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGPROSEDURES: HERSTEL VAN CATERPILLAR LAAIGRAAF, CK 47737 (8/1/B/2)**

Die Caterpillar Laaigraaf, CK 47737 word aangewend in die Afdeling: Strate en Stormwater in Malmesbury. Met 'n roetine onderhoud-inspeksie is 'n olielek op die regter voorwiel waargeneem en is die voertuig na Barloworld Equipment gestuur vir assessering.

##### **BESLUIT**

- (a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygings-prosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;
- (b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir herstelwerk aan die Caterpillar Laaigraaf, CK 47737, deur Barloworld Equipment ten bedrae van R46 538.02 (BTW uitgesluit);
- (c) Dat verder kennis geneem word dat, in terme van paragraaf 36(1) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid, dit nie nodig was om 'n formele tenderproses te volg nie, aangesien Barloworld Equipment die OEM- en ondersteuningsagent vir Caterpillar-toerusting is;
- (d) Dat die uitgawe ten bedrae van R46 538.02 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/7-27-5 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;
- (e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

#### **7.15 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGPROSEDURES: HERSTEL VAN DIE REMME VAN UD 370 FC VRAGMOTOR, CK 50003 (8/1/B/2)**

Die UD 370 FC Vragmotor, CK 50003 word gebruik vir die uitpomp van riooltenke regoor die Swartland munisipale gebied. Met die diens van die remstelsel van die vragmotor is aangedui dat van die parte vervang en herbelyn moet word.

##### **BESLUIT**

- (a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygings-prosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;
- (b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir herstelwerk van die remstelsel van UD 370FC Vragmotor, CK 50003, deur UD Trucks ten bedrae van R46 874.29 (BTW ingesluit);
- (d) Dat verder kennis geneem word dat, in terme van paragraaf 36(1) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid, dit nie nodig was om 'n formele tenderproses te volg nie, aangesien UD Trucks Malmesbury die ondersteuningsagent vir UD Trucks is;
- (e) Dat die uitgawe ten bedrae van R46 974.29 (BTW ingesluit) teen posnommer 9/4-46-5 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;
- (f) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word

7.16/...

#### **7.16 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGPROSEDURES: HERSTEL VAN KOMPakteERVragmotor, CK 44823 (8/1/B/2)**

Die Kompakteervragmotor, CK 44823 word in Malmesbury, Riebeeck-Wes en Riebeeck Kasteel aangewend vir die verwydering van vullis.

Daar is probleme ondervind met die PTO (*power take-off*) en die voertuig is geneem na HD Transmissions wat die ondersteuningsagent van Allison-transmissions is.

##### **BESLUIT**

- (a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygings-prosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;
- (b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir herstelwerk van die PTO van die Kompakteervragmotor, CK 44823 deur HD Transmissions ten bedrae van R49 197.00 (BTW ingesluit);
- (c) Dat verder kennis geneem word dat, in terme van paragraaf 36(1) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid, dit nie nodig was om 'n formele tenderproses te volg nie, aangesien HD Transmissions die ondersteuningsagent vir Allison-transmissions is;
- (d) Dat die uitgawe ten bedrae van R46 974.29 (BTW ingesluit) teen posnommer 9/4-46-5 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;
- (e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

#### **7.17 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGPROSEDURES: HERSTEL VAN HIDROLIESE POMP OP CASE SLOOTGRAWE, CK 43210 (8/1/B/2)**

Die CASE-slootgrawer, CK 43210 word in Moorreesburg deur die Departement: Elektriese Ingenieursdienste aangewend.

Die hidroliese pomp het probleme gegee en na die CASE-agent om Moorreesburg geneem, Moorreesburg Implemente, vir assessering en 'n kwotasie.

##### **BESLUIT**

- (a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygings-prosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;
- (b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir herstelwerk van die hidroliese pomp op die CASE-slootgrawer, CK 43210 deur Moorreesburg Implemente ten bedrae van R62 484.78 (BTW uitgesluit);
- (c) Dat verder kennis geneem word dat, in terme van paragraaf 36(1) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid, dit nie nodig was om 'n formele tenderproses te volg nie, deurdad die toerusting na 'n betroubare diensverskaffer geneem is vir 'n *strip-and-quote* vir die herstelwerk en toets van die hidroliesestelsel;
- (d) Dat die uitgawe ten bedrae van R62 484.78 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/7-25-5 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;
- (e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.18/...

**7.18 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGPROSEDURES: HERSTEL VAN UD CRONER BRANDWEERWA, CK 33648 (8/1/B/2)**

Die Munisipaliteit maak gebruik van 'n UD Croner Brandweerwa, CK 33648 vir die lewering van brandweerdienste in die Swartland munisipale gebied.

Daar is probleme ondervind met die PTO (*power take-off*) van die Rosenbauer-pomp weens moontlike elektriese probleme en die voertuig is geneem na FES Manufacturers vir 'n *strip-and-quote*.

**BESLUIT**

- (a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;
- (b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir herstelwerk aan die UD Croner Brandweerwa, CK 33648 deur FES Manufacturers ten bedrae van R111 481.69 (BTW uitgesluit);
- (c) Dat verder kennis geneem word dat, in terme van paragraaf 36(1) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid, dit nie nodig was om 'n formele tenderproses te volg nie, aangesien FES Manufacturers die ondersteuningsagent van Rosenbauer-pompe is;
- (d) Dat die uitgawe ten bedrae van R111 481.69 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/4-73-5 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;
- (e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**(GET) J H CLEOPHAS  
UITVOERENDE BURGEMEESTER**